# KOMMUNIKAMMA 25 JANUARIE 2026

Ons besoek op versoek. Kontak asb. met groot vrymoedigheid met ons indien jy enige versoeke of vrae het.

Niekie Oosthuizen in die kerkkantoor: 082 561 8747; 041 360 1484; kerkkantoor@ngkraggakamma.co.za
**Neem asb. kennis dat die kerkkantoor tye van Maandag tot Vrydag vanaf 08:00 tot 12:00 is.**
Ds. MG van Rooyen: 083 413 7100; mg@ngkraggakamma.co.za
Ds. Toit Wessels: 084 240 2916; toit@ngkraggakamma.co.za

**WHATSAPP GEMEENTE KOMMUNIKASIE**
Indien jy die gemeente kommunikasie via Whatsapp wil ontvang moet jy die volgende stappe volg:
Stoor die gemeente selfoon nommer (071 493 5998) as 'n kontak op jou foon.
Stuur 'n Whatsapp boodskap met jou naam en van na hierdie nommer.
Jy word op 'n "Broadcast" lys geplaas en is nie deel van 'n Whatsapp groep, waarop almal kommentaar lewer, nie.

**PROGRAM VIR DIE WEEK:**
**Sondag 25Januarie**
**08:30 EIETYDSE DIENS, POPPEKAS EN KLEUTERKERK**
**09:30 KATEGESE**
**10:00 KLASSIEKE DIENS**
**Tema:** Ons is almal lede van die liggaam van Christus.
**Skriflesing:** 1 Korintiërs 12:12–31

**18:00 LEEF@KERK** ('n Saamkuier geleentheid vir Hoërskool kinders)

**Die bedienings dankoffer in die houtkassies gaan vandag vir ons gemeente se Jeugbediening.**
**Elizma Harmse, wat vandag oor selgroep gesels het, se sel nommer is: 083 940 5617.**

**DISSIPELSKAP TOERUSTING**
Deon Loots het hom in ons gemeente kom vestig en wil graag met 'n dissipelskapgroep begin. Enigiemand wat belangstel om deel te word van die groep, kan hom skakel by: 084 855 3444.
Alle belangstellendes word uitgenooi om volgende Sondag, 25 Januarie 2026, na afloop van die eietydse en weer na afloop van die klassieke erediens, hier in die kerkgebou, te kom saamgesels oor die pad vorentoe.

**Maandag 26 Januarie**
**12:45 GEBEDSKILD**
Gemeente gebedsgeleentheid in gebedslokaal. Almal is welkom.

**17:30 ViA VERGADERING**
Die dames van die gemeente vergader in die gebedslokaal om die program vir 2026 te bespreek. Indien jy wil deel word van die groep is jy welkom om die vergadering by te woon. Kontak Marisa van Wyk (082 493 6258) vir meer besonderhede.

**WEEK VAN GEBED 2026**
**Tema**: 'n Groot God en klein mense in gesprek.
**Maandag 26 Januarie**
**18:30** Gebed fokus op die grootheid van God. (2 Konings 6:8-23)
**Dinsdag 27 Januarie**
**18:30** Ek word klein wanneer ek bid tot 'n groot God. (Lukas 18:9-14)

**Woensdag 28 Januarie**
**18:30** Gebed vertrou ons groot God om deur ons as klein mensies van sy wêreld 'n beter plek te maak. (Handelinge 12:6-19)
Almal welkom. Elke aand word daar dankoffer vir Diens van Barmhartigheid opgeneem.

**PE NOORD EN ALGOA GEMEENSKAPSKERK – VOEDSELHULP-PROJEK**
Indien jy wil help, kan skenking op Sondae in die voorportaal en Maandae en Woensdae by die kerkkantoor ingegee word. Finansiële bydraes kan in die gemeente se rekening inbetaal word. Dui asb. aan dat dit vir voedselhulp gaan.
PE Noord soek asb. ook 2L en 5L roomys bakke wat hul gebruik om die sop vir die sopkombuis te vries. Enige hulp sal waardeer word.

**Vrydag 30 Januarie**
**05:00 MANNEGROEP**
Indien jy wil deel word van die groep, kontak Frans Stapelberg (082 773 6205)vir meer besonderhede.

**Sondag 1 FEBRUARIE**
**08:30 EIETYDSE DIENS en KLEUTERKERK**
**09:30 KATEGESE UITSTAPPIE NA SARDINIABAAI WANDELPAD**
**10:00 KLASSIEKE DIENS**
**18:00 LEEF@KERK** ('n Saamkuier geleentheid vir Hoërskool kinders)

**GEBEDSAKE:**
- Buddy van der Merwe wat siek is. Vir sy vrou Marlize en familie.
- Johan van der Merwe was in die hospitaal.
- Families van 14 kinders wat dood is in 'n ongeluk oppad skool toe.
- Reën oral waar dit droog is.
- Almal wat skade gelei het met die brande.
- 'n Oplossing vir die bek-en-klouseer krisis in ons land.
- 'n Nuwe toegewydheid en diensbaarheid vir ons regering, maar ook vir regerings wêreldwyd. ,
- Al meer mense, ook in ons gemeente, wat materieel swaarkry. Dit lei dikwels ook tot geestelike en emosionele swaarkry. Dat werklose mense sal werk kry.
- 'n Einde aan die oorloë in Oekraïene, Afrika en ander plekke, asook vir die gelowige broers en susters in daardie lande. 'n Oplossing vir die chaos in Iran.

**THERE4 BEDIENINGE GEBEDSVERSOEK**
**Gebed:** Kom bid saam met en vir ons wêreldwye familie hierdie week.
**Lofprysing:** Dank God vir die bonatuurlike vreugde wat Hy gee, selfs in die donkerste omstandighede, en vir die inspirerende getuienisse van gelowiges in Soedan.
**Petisie:** Bid saam vir ons boeties en sussies in Soedan – dat God hulle sal beskerm, hulle geloof sal versterk, en hulle vreugde sal gebruik om ander nader aan Christus te bring. Bid vir geleenthede om hulle hoop in Christus met ander te deel.
**Persoonlike Gebed:** Vra vir God om jou 'n hart te gee wat slegs vreugde by Hom sal soek en vind, ongeag van jou omstandighede, en om Sy doel in elke beproewing te vertrou.

**FEBA RADIO GEBEDSVERSOEK**
FEBA Radio SA ondersteun 12 radiostasies in ses Afrikalande, onder meer vier in die Sahel-streek, waar die Moslem-noorde die Christen-suide ontmoet. Al hierdie lande sukkel met armoede, sommige met hongersnood, en meeste met politieke onstabiliteit en gewelddadige konflik. Bid vir dr Jurie Vermeulen, die nasionale direkteur, wat FEBA se sending in Afrika lei. Bid vir die spanne in Mosambiek, Malawi, Mali, Tsjad, Niger en Soedan. Vra dat hulle God se koninkryk en geregtigheid eers sal soek, en vrug op hul werk sal sien.

**RAMPFONDS VIR NOODTOESTANDE: OOS-KAAPLAND**
Gegewe die nood van brande, droogte en veesiekte aktiveer ons Oos-Kaaplandse kerkverband ons rampfonds. Die **doel** hiermee is om gemeentes, lidmate en persone wat graag konkrete hulp wil verleen in staat te stel om 'n finansiële bydrae te maak.

Die Rampfonds word in vennootskap met gemeentes naby aan die nood en kundige organisasies aangewend. Soos in die verlede, sal ons weer finansiële steun bied aan landbouverenigings, betroubare nie-regeringsorganisasies en ander instansies met 'n bewese rekord van dienslewering.

**Praktiese reëlings**
Ons nooi gemeentes, lidmate en lede van die publiek uit om **donasies** in ons rampfonds in te betaal. Die rekening word geouditeer en fondse staan onder die beheer van die Sinodale Kommissie en word in vennootskap met plaaslike gemeentes aangewend.
Bankbesonderhede:
ABSA Lopende rekening
Rekeningnaam: NG Kerk Oos-Kaapland
Rekeningnommer: 290 581 192
Takkode: 632 005
Verwysing: "**Rampfonds**"
**Dit is baie belangrik dat die woord "Rampfonds" in die verwysingsveld op die inbetaling verskyn. Dit is hoe ons sisteem die inbetaling as 'n donasie vir die rampfonds toewys.**

**WERK GESOEK**
2 vroue in ons gemeente soek steeds dringend werk – die een het boekhou ervaring en die ander 'n maatskaplike werk agtergrond. Vir navrae of om die vrou met boekhou ervaring se CV te bekom, kontak met Piet Spies by sel: 084 491 1213. Om meer inligting oor of die CV van die ander vrou te bekom, kontak ds. MG.

**FONTEINVRIENDE BYEENKOMS**
Die Fonteinvriende skop die 2026 jaar af met 'n heerlike saamkuier geleentheid op Donderdag 12 Februarie. Om deel te word van die Fonteinvriende of vir navrae, kontak Linda Rossouw 082 402 4396.

**RAAK BETROKKE**
Aangesien ons 'n groeiende geloofsgemeenskap is, het ons op vele terreine hulp nodig van vrywillige gemeentelede. Ons kort tans veral hulp met mense wat kan help met die regstreekse uitsending van die eredienste. Indien jy kan help, kontak asb. vir Marna (076 918 5373) of die kerkkantoor as jy betrokke wil raak. As jy wil help met klank of data in die diens, kontak asb. met die kerkkantoor.

**Kategese Lokale**

| **Graadgroep** | **Lokaal** |
|---|---|
| Gr 1 | Bushuisie |
| Gr 2 | Klaskamer op saal se verhoog (naaste aan Kombuis) |
| Gr 3 | Kantoor oorkant kerkkantoor |
| Gr 4 | Klaskamer op saal se verhoog (naaste aan Voortrekkersaal) |
| Gr 5 | Saal verhoog |
| Gr 6 | Saal |
| Gr 7 | Buite Voortrekkersaal (Braai area) |
| Gr 8 | Saal voorportaal |
| Gr 9 | Gebedskamer |
| Gr 10 | Voortrekkersaal |
| Gr 11 | Jeuglokaal/Konsistorie |

**NUWE LIDMATE**
Ons wil graag ons nuwe lidmate ontmoet. Daar is in die voorportaal 'n groen kontakkaart wat julle kan voltooi, waarna ons met julle in verbinding sal tree. Jul kan ook na ons webblad, www.ngkraggakamma.co.za gaan. Druk op "Kontak ons" reg onder die gemeente logo. Vul die "Nuwe intrekkers" vorm in en e-pos dit na die kerkkantoor.

**VERJAARSDAE VIR DIE WEEK**

Ons wens die volgende lidmate geluk met hulle verjaarsdae:

| | |
|---|---|
| 25 Januarie | Liezel Haarhoff, Mariana Lourens, Salmari Meyer, Karla Muller, Lance Opperman, Elsabe Pretorius, Dirk Rudolph en Zelda van Schaik |
| 26 Januarie | Anske le Roux, JG le Roux en Charmain Wolmarans |
| 27 Januarie | Stehan Krause en Lizanne Vorster |
| 28 Januarie | Daniël de Witt, Marony Jacobs, Jaco Morgan, Helena Stroebel en Arne van Heerden |
| 29 Januarie | Samantha Jackson, André Olivier, Luc Roelofse en Marcia Thompson |
| 30 Januarie | Christiaan Barnard, Christa Bosch, Bella du Plessis, Jana Hiscock en MT van der Merwe |
| 31 Januarie | Anri Bosch, WH van Tonder, Francois van der Walt en Janre Viljoen |

**TIENDEMAAND DANKOFFER**

Die tiendemaand dankoffer inkomste oortref die begroting en staan op 'n wonderlike R394 163.65. Baie dankie aan almal wat 'n dankbaarheidsbydrae gemaak het.

**DANKOFFER**

Baie dankie vir elkeen se dankbaarheidsbydrae wat ons maandeliks ontvang. Dankoffers kan direk in die kerk se bankrekening of deur middel van Snapscan betaal word.
Die kerk se bankbesonderhede is:
NG Kraggakamma
Absa Tjekrek 1400590091,
Takkode 632005